## *Inhoud / Contents*

*Bladsy/Page*

*ATLANTIS — D.W. du Plooy* .......... 1

*The traffic implications of pedestrain malls in city centres — B.C. Floor* .......... 7

*Hoe groei die ekonomie van 'n streek — Prof. D. Page* .. 10

*Streeknuus / Regional News* .......... 11

As 'n ope forum vir die verduideliking en bespreking van ontwikkelingsbegrippe word 'n groot verskeidenheid van stellings en menings in hierdie tydskrif opgeneem maar die redaksie of enige ander betrokkenes onderskryf nie noodwendig enige van die sienswyses wat in die artikels gelug word nie.

# Voorwoord

Hierdie uitgawe is welwillend geborg deur Mnr. A.H.P. van Zyl van Vredenburg wat vir baie jare die leiding geneem het in die Weskus Ontwikkelingsvereniging en wie se onvermoeide ywer tot 'n groot mate bygedra het tot die uitkristallisering van die Saldanhaprojek.

Mr. A.H.P. van Zyl of Vredenburg has shown his enthusiasm for the Town and Regional Planning fraternity by financing this issue of the Journal.

************

Alhoewel die reaksie op hierdie tydskrif besonder goed was in sekere kringe is dit teleurstellend dat die Streekontwikkelingsverenigings nie tot 'n groter mate gebruik maak van die rubriek vir beriggewing van hulle bedrywighede nie. Hieruit moet dan seker afgelei word dat baie van die ontwikkelingsverenigings nie meer besonder aktief is nie. Andersyds is dit natuurlik moontlik dat die eerste uitgawes van die tydskrif hulle nie bereik het nie en dat hulle nog nie bewus is van die bestaan van hierdie medium vir beriggewing en inligting oor streekbeplanning nie.

Indien elke ontwikkelingsvereniging sou inskryf vir slegs tien kopieë van elke uitgawe vir hulle bestuurslede sou die tydskrif verseker wees van sy voortbestaan. Sommige het reeds vir 20 ingeskryf. Deur hierdie aktiewe deelname kan die tydskrif ook 'n meer dinamiese beslag kry omdat daardeur waarskynlik ook meer inligtingstukke van algemene belang ingestuur sal word.